DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

HOEKOM BEANTWOORD GOD NIE MY GEBEDE NIE?

Opgestel deur: Pastoor Johan Putter

Datum: 1 November 2015

Plek: Nelspruit

HOEKOM BEANTWOORD GOD NIE MY GEBEDE NIE?

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING **3**

TEKSGEDEELTE **4**

TEKSVERS **5**

KONTEKS **5**

SAMEVATTING **7**

ADVIES AAN VRIEND **8**

AFSLUITING **8**

HOEKOM BEANTWOORD GOD NIE MY GEBEDE NIE?

INLEIDING

Ons tema vir vandag is: *Hoekom beantwoord God nie my gebede nie?*

U het ‘n kosbare vriend/in. Die persoon nooi u na Mugg & Bean vir ‘n koppie koffie.

Terwyl julle lekker koffie drink, stel die persoon sy probleem. Dinge gaan sleg met my, ek bid my knieë stukkend voor God. Dit voel vir my of ek teen ‘n plafon bid. God antwoord nie my gebede nie. Kan dit wees dat God my nie antwoord nie omdat ek dalk in sonde leef?

Wat gaan u vir u vriend of vriendin sê? Watter Bybeltekste gaan u gebruik om u stellings te staaf?

Gelowiges wat so voel, is op ‘n baie slegte plek. Veral as jy tussen gelowiges is wat lyk of hulle almal rooi telefone na God toe het. Hulle bid en God antwoord hulle.

Ek dink hierdie is ‘n baie belangrike vraag. Talle gelowiges het al so gevoel en omdat hulle nie die korrekte advies gekry het nie, het hulle, hulle geloof verloor.

Dit help ook nie om die persoon net te bemoedig of ‘n mooi klinkende maar leë antwoord te gee nie.

Ek gaan vanoggend my antwoord in ‘n preek formaat met u deel. Mag dit u help om eendag aan ‘n vriend in nood, ‘n goeie antwoord te gee wat hom regtig kan help.

U kan dalk u vriend begin antwoord deur die volgende te sê;

Daar kan baie redes wees waarom dit nie vir ons voel of God ons gebede beantwoord nie soos:

1. God hoor ons, maar daag ons uit om nader aan Hom te kom.
2. God praat met ons, maar ek het vooropgestelde idees oor hoe Hy my moet antwoord, en nou hoor ek Hom nie.
3. Daar is ‘n groter prentjie waarvan ons nie bewus is nie. Soos bv die verhaal van Job.
4. Ons moet leer om te berus as God ons nie antwoord nie.
5. Soms bid ons vir iets. God openbaar dan Sy wil, wat nie presies is soos wat ons gebid het nie.

Al hierdie dinge wat ek nou gesê het is waar, maar dit beantwoord nie jou vriend se vraag nie. Kan sonde in my lewe veroorsaak dat God nie my gebede beantwoord nie?

U kan dalk begin deur u vriend te vra, hoekom vra u die vraag?

Hy antwoord toe dat dit wel vir hom lyk of sonde in jou lewe daartoe kan lei, dat God nie jou gebede beantwoord nie.

ISAIAH 59:2-3

"But your iniquities have separated you from your God; your sins have hidden his face from you, so that he will not hear. [3] For your hands are stained with blood, your fingers with guilt. Your lips have spoken falsely, and your tongue mutters wicked things."

MICAH 3:4

"Then they will cry out to the Lord, but he will not answer them. At that time he will hide his face from them because of the evil they have done."

ZECHARIAH 7:13

"When I called, they did not listen; so when they called, I would not listen,' says the Lord Almighty.

Jou vriend sê hy is deurmekaar. Sondige alle gelowiges nie van tyd tot tyd nie? Beteken dit dan dat God geen gelowige behalwe die wat nooit sondig nie, se gebede verhoor?

Hy het ook gehoor dat mense leer dat Jesus vir al ons sondes aan die kruis gesterf het en dat gelowgies se sondes outomaties vergewe is. As dit waar is, hoekom leer tekste soos 1 Johannes 1:9 dat ons steeds vergifnis moet vra vir ons sonde? Hoekom leer die skrywer van Hebreers dan dat gelowiges hulle Saligheid kan verloor?

Hoe sal jy die vraag beantwoord, kan my sonde daartoe lei dat God nie my gebede verhoor nie?

Ek sal my vriend beantwoord deur die teksgedeelte in Johannes 9: 1-31 met hom te deel en dan spesifiek op Johannes 9:30-31, fokus.

TEKSGEDEELTE

In ons teksgedeelte word die volgende verhaal vertel. Dit is 'n Sabbat dag en Jesus en Sy dissipels kom op 'n man af wat van sy geboorte af, blind was. Jesus spoeg toe op die grond, maak 'n bietjie klei en plak dit aan die man se oë. Hy sê toe vir die man om sy oë in

die Siloambad te gaan was. Die man doen dit toe en hy het onmiddelik genesing ontvang deur te kan sien. Dit het groot opslae gemaak. Die Fariseërs ondervra toe die man en verneem toe dat Jesus die blinde man genees het. Daar het toe ‘n meningsverskil tussen die Fariseërs ontstaan. Party het gereken dat Jesus ‘n sondaar is. Ander Fariseërs het nie daarmee saamgestem nie, aangesien hulle gemeen het, dat sondaars nie wonderwerke kan doen nie.

Hulle ondervra toe die seun se ouers om seker te maak of die man regtig blind was. Sy ouers bevestig dit. Hulle praat toe ‘n tweede keer met die seun om seker te maak of dit wel Jesus was wat hom genees het. Tydens die gesprek kom dit weer ter sprake dat van die Fariseërs dink dat Jesus ‘n sondaar is. Die man antwoord die Fariseërs met ‘n baie belangrike stelling wat hy maak. Hierdie stelling wat die man gemaak het, is dan ook ons teksgedeelte.

TEKSVERS

JOHANNES 9:30-31

“Die man antwoord en sê: “Hierin is dit vreemd dat julle nie weet van waar Hy is nie en Hy het my oë oopgemaak. Ons weet dat God nie na die stem van ’n sondaar luister en doen nie, maar Hy luister en doen vir iemand wat God respekvol vrees, aanbid en Sy wil doen.”

God luister na mense as hulle respek vir Hom het, Hom aanbid en Sy wil doen oftewel, God luister nie na sondaars en mense wat Hom nie respekteer en aanbid nie.

Dit is merkwaardige insig wat hierdie eens blinde man toon!

U kan nou met reg wonder, niemand van ons leef altyd perfekte lewens nie, beteken dit nou dat God nooit ons gebede verhoor nie?

Moet ons dus nou vir mense wat kla dat God nie hulle gebede verhoor nie, sê dat God nie na hulle luister nie omdat hulle sonde gepleeg het?

Om hierdie teksgedeelte behoorlik te verstaan, moet ons dit in die volgende konteks sien.

KONTEKS

Die geneesde man, reageer op ‘n stelling van die Fariseërs dat Jesus ‘n sondige mens is. Die Griekse woord hier vir sonde is “hamartolos.” Dit dui nie op ‘n gelowige wat sy bes probeer om aan God gehoorsaam te wees en by geleentheid ongehoorsaam is nie.

Die woord **hamartolos** dui op iemand wat uit vrye wil ‘n sondige lewe voer. Dit is waarvan die Fariseërs, Jesus beskuldig het. Ons sien in ander Bybeltekste dat die Fariseërs, Jesus beskuldig het dat Hy;

- Bose en onrein geeste met die hulp van Beelsebul een van Satan se prinse uitgedryf het.
- Dat Hy van Satan was. (Markus 3:22)
- Dat Hy hom met die wynsuipers en ander sondaars bemoei het. (Matt. 9:10-11)

Die geneesde man het in die lig hiervan, vir die Fariseërs teengestaan deur te sê dat hulle verkeerd is, want God luister nie na sondaars nie, net na gelowiges wat respek vir God, het, aan Hom gehoorsaam is en Hom aanbid. Jesus kan dus nie ‘n sondaar wees nie.

Vir sy moeite is hy uit die Sinagoge geban. Dit is genoeg wat die konteks betref.

GEVOLGTREKKING

Watter gevolgtrekking kan ons dus maak? My mening is soos volg:

Indien u God drie-enig opreg dien en Hom aanbid en by geleentheid ongehoorsaam is, maar jou sonde bely en jou van jou sonde bekeer, sal God steeds jou gebede verhoor.

Indien u egter in sonde bly leef, kan dit gebeur dat God as gevolg van jou onbelyde sonde, nie jou gebede verhoor nie.

Die fokus is sondige aktiwiteite waarmee ek volhard. Watter sondige aktiwiteite is daar in 2015, wat kan verhoed dat God nie na my sal luister nie, as ek daarmee volhard?

ISAIAH 59:3

“Your lips have spoken falsely, and your tongue mutters wicked things.”

Indien ek wanneer ek dink die onstandighede dit regverdig, leuens vertel en dit nie bely en regstel nie.

Wanneer spreek ek bose dinge? Wanneer ek ander mense beskinder. Wanneer ek negatiewe oordele oor mense spreek. Koos is useless. Jan is ‘n loser. Die studente wat so staak is almal ‘n klomp hooligans. Die land word deur ‘n klomp skelms regeer. Jesus het geleer dat as ek iemand ‘n idioot sou noem, is dit strafbaar met die helse vuur.

MICAH 3:4

*“Then they will cry out to the Lord, but he will not answer them. At that time he will hide his face from them because of the **evil** they have done.”*

Wanneer tree ‘n mens boos op?

Wanneer ek ander mense misbruik of benadeel om ‘n bepaalde voordeel te bekom. Byvoorbeeld; Wanneer ek ‘n werker nie die vergoeding betaal wat hom toekom nie. Wanneer ek ‘n arm persoon uitbuit. Wanneer ek onregverdige wins maak. Wanneer ek iets van ‘n persoon steel. Wanneer ek slegte dinge teen ‘n persoon beplan en uitvoer.

1 JOHN 3:23

*“And this is his command: to believe in the name of his Son, Jesus Christ, and to **love one another** as he commanded us.”*

Wat beteken dit in die praktyk om jou mede-mens lief te hê?

- Om jou mede-mens met respek en waardigheid te hanteer.
- Om jou mede-mens billik en regverdig te behandel.
- Om jou mede-mens so te behandel soos wat jy wil hê hulle teenoor jou moet optree.

Die laaste gedagte wat ek vir u wil noem is om in disrespek teenoor God op te tree en nie daarna te streef om Sy wil te doen nie.

JOHANNES 9:30-31

“Ons weet dat God nie na die stem van ’n sondaar luister en doen nie, maar Hy luister en doen vir iemand wat God respekvol vrees, aanbid en Sy wil doen.”

Hoe tree ek disrespekvol teenoor God op? Deur nie Sy siening van sake te eer nie maar jou eie siening van ‘n saak voorop te stel. Bv. Om in onvergifnis te leef. Jou skoonsus of dosent het iets aan jou gedoen en nou weier jy om daardie persoon te vergewe.

Reg, U het nou ‘n idee watter tipe optrede kan skeiding tussen ons en God bring as ek dit nie voor Jesus bring en Hom om vergifnis vra nie.

SAMEVATTING

Kom ons begin afsluit deur op te som hoe jou vriend se vraag beantwoord is. *Kan sonde in my lewe veroorsaak dat God nie my gebede beantwoord nie?*

Die antwoord is ja en nee.

Nee, as ek God respekteer en met my hele hart daarna streef om aan God gehoorsaam te wees. Indien ek by geleentheid sondig en vergifnis vra en my bekeer, sal God my gebede verhoor.

Die antwoord is ja, as ek God nie eer en respekteer nie. As ek in sonde leef en dit nie bely nie. As ek my opinie van ‘n saak bo die mening van God stel.

Gee dit my die reg om vir iemand te sê dat God nie sy gebede beantwoord nie omdat hy/sy ‘n sondige lewe lei? Nee, die Bybel leer dat ons nie mag oordeel nie.

ADVIES AAN VRIEND

Wat is die beste advies wat jy aan jou vriend kan gee? Bid tot God en vra dat die Heilige Gees jou sal wys as daar enige-iets is wat tussen jou en God staan. As die Heilige Gees jou van sonde oortuig, bely dit en los dit.

AFSLUITING

Kom ons sluit af, deur vir God te vra, of daar enige sonde is wat die verhouding tussen Hom en jou skaad. Indien die Heiige Gees iets aan jou toon, bely dit.

AMEN